Hoe om ’n Voortrekkerwapen te plak

Laat jou span die Voortrekkerwapen plak.

? Stappe

1. Jy benodig: gom (*Bostick* of *Ponal*), ’n bord, koolpapier, fotostaat van ’n Voortrekkerwapen en materiaal soos stukkies papier, krale, ensovoorts.
2. Plaas die koolpapier op die bord en die papier met die Voortrekkerwapen bo-op die koolpapier.
3. Plak die papier vas met kleefband anders skuif die wapen. Trek die Voortrekkerwapen af.
4. Jy kan nou die wapen plak met enigiets.
5. Dit is soms lekker om in die veld te stap en materiaal te versamel om die wapen mee te plak.
6. Onthou dat groterige stukke soos boombas gaan afval. Indien jy klippies gebruik, is kleinerige klippies beter.

7. Laat die gom droog word voordat die bord opgelig word.
8. **Legkaarte**
   Vergroot die Voortrekkerwapen sodat dit op ’n A4-papier pas. Plak op ’n karton vas. Sny in stukke vir ’n legkaart. Laat die kinders die legkaart bou. Sorg dat elkeen ’n legkaart het. Kyk wie kan die legkaart die vinnigste bou. Ruil die legkaarte om.



9. Sing die liedjie FAKKELS EN WIELE.

FAKKELS EN WIELE

Dis ’n eeu en nog meer en die wawiele rol
Steeds deur ons mooi land Suid-Afrika
As iemand sou vra waarom wawiele loop
Dis om gister se vreugde aan môre te knoop
KOOR
Dis fakkels en wiele dit is ons embleem
En geen mag op aarde kan dit van ons neem
Dis wiele vir voorwaarts, dis fakkels vir hoop
Sit weg al jou goud man, dit is nie te koop.

Sal iemand my help vra 'n Drawwertjie my
Dat ek ook 'n plek by die kampvuur kan kry
Want saans om die kampvuur elkeen op sy plek
Vier ons die vreugde van hierdie Groot Trek.

KOOR
Dis fakkels en wiele dit is ons embleem
En geen mag op aarde kan dit van ons neem
Dis wiele vir voorwaarts, dis fakkels vir hoop
Sit weg al jou goud man, dit is nie te koop.

☺ Wenke

1. Verduidelik die simboliek van die Voortrekkerwapen voordat dit prakties gemaak word.

☠ Waarskuwings

1. Kontroleer wat die kinders plak.